

3 Mei

Skrifgedeelte: Deuteronomium 32

Fokusgedeelte: Deuteronomium 32:11,12

Die leerskool om te leer vlieg

Die Here se optrede is dikwels vir ons moeilik om te begryp en bring onbeantwoorde worstelvrae. As ons iets van die Here se optrede wil verstaan, moet ons kyk wat die moederarend met haar kleintjies doen. Die arende maak hulle nes op die hoë kranse. Daar broei hulle en maak hulle kleintjies groot. Wanneer die kleintjies groot genoeg is en hulle vlerke vlieg lengte bereik het, skrop die arende daardie nes uitmekaar en word die kleintjies die afgrond ingestoot. Is dit wreed en liefdeloos? Nee! Hulle is besig om die kleintjies te leer vlieg, sodat hulle kan leer om self vir hulle te sorg. As die kleintjies moeg gefladder is en dreig om hulle te pletter te val, kom die arend onder die kleintjies in en dra hulle op hul oopgespreide vlerke weer na die hoë kranse. Daarna word die proses 'n paar keer herhaal totdat hulle heeltemal kan vlieg.

So het die Here met sy klein volkie gedoen. Hy het hulle uit hulle "nes" rondom die vleispotte van Egipte uitgeskop. As Hy dit nie gedoen het nie, sou die klein volkie tot niet gegaan het. Nadat hulle uitgeskop is, het Hy hulle nie aan hulle eie lot oorgelaat nie. Die Here sê aan hulle (Eks 19:4) dat hulle gesien het hoe Hy hulle "soos op arendsvlerke veilig gedra ... het." Dag en nag was die Here by hulle. Hy het hulle gelei, beskerm, versorg en hulle veilig op die beloofde land neergesit.

Vandag is die Here op dieselfde manier met elkeen van ons besig. Dikwels word ons veilige nessie onder ons uitgeskop ... en ons die afgrond in. So werk die Here met ons: Sy leerskool om ons te leer vlieg kan aanvanklik met pyn en tranes gepaard gaan, maar uiteindelik volg volle vreugde.

Die vervulling van hoe die Here sy kinders op sy vlerke dra, het 'n werklikheid geword in sy Seun en sy Gees. Jesus Christus het ons met sy lyding, sterwe en opstanding gered en ons soos op arendsvlerke uit die ewige verdoemenis gedra. Hy het sy Heilige Gees gestuur om by ons te wees, te lei, te vertroos en ons deur hierdie woestynjare soos op arendsvlerke te dra ... totdat ons sy ewige Vaderhuis betree.

Ds H Reinecke (George)